**HILLCREST HIGH SCHOOL**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

**JUNIE 2022**

**EKSAMEN**

**GRAAD 11**

**PUNTE : 80**

**TYD: 2 UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit **15** bladsye

**<u>INSTRUKSIES EN INLIGTING.</u>**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Beantwoord <u>AL</u> die vrae**

4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**

5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**

6. **Me. Jordaan, Middleton, Meiring, Haluman en Ramdhani**

7. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

8. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**

9. **Skryf netjies en leesbaar.**

## Afdeling A: Leesbegrip (Teks A en teks B)

**Teks A.** **ROBBENEILAND**

*Robbeneiland: van berug tot bekend*






1 Robbeneiland, wat so ŉ belangrike rol in die swart bevrydingstryd ( black freedom movement) in Suid-Afrika gespeel het, is ŉ eilandjie in Tafelbaai. Dit lê sowat 8 kilometer van Kaapstad en is net sowat 3,5 km lank en 2 km breed. Die naam is afgelei van die talle robbe *(robben* in Nederlands) wat daar voorgekom het.

2 Met die koms van die Europese setlaars is probeer om ŉ rob- en visbedryf op Robbeneiland te begin. Omdat die eiland so alleen gestaan het, is dit toe gebruik as ŉ plek waarheen mense verban kon word soos bv. mense met ongeneeslike siektes soos melaatsheid, maar ook vir veediewe.

3 ŉ Latere politieke gevangene op Robbeneiland was die amaXhosa-leier en -profeet, Makana. Sy storie is baie interessant. Makana is teen die einde van die1700s gebore en <u>was van lae stand</u>, maar deur sy persoonlikheid en sy algemene kennis het hy dit reggekry om baie gesag oor die amaXhosa te hê. Die blankes het hom *Links* genoem.

4 Hy het in 1819 gehelp om die aanval op Grahamstad aan te voer. Nadat hy verslaan is, het hy hom aan landdros Stockenstroom oorgegee en hy is vir ondervraging na Robbeneiland gestuur. In 1820 het hy probeer ontsnap, maar die hartseer is dat hy in die see verdrink het omdat hy nie kon swem nie.

5 Robbeneiland was later ŉ sleutelposisie in die verdediging van Kaapstad en groot militêre installasies is in die Tweede Wêreldoorlog daar gevestig. Weens sy slegte rekord vir bote wat op die rotse geloop het, is ŉ ligtoring op die eiland opgerig.

6 Na die oorlog het die eiland ŉ opleidingsentrum vir die Suid-Afrikaanse Vloot geword. ŉ Gereelde bootdiens is tussen Kaapstad en Robbeneiland ingestel en besoekers kon permitte kry om die eiland te besoek.

7 Maar in 1961 is besluit om die eiland onder die jurisdiksie van die Departement van Gevangenisse te plaas. Die eiland kon daarna dekades lank nie meer deur die publiek besoek word nie en het ŉ seegrens van sowat 1,5 km gehad.

8 Dit is hierdie plek van isolasie waarheen oud-president Nelson Mandela in die jare sestig saam met andere verban is. Mnr. Mandela is eers in 1982 van Robbeneiland na die Pollsmoorgevangenis oorgeplaas. Hy is in 1990 vrygelaat.



9 Vir die teenstanders van apartheid het Robbeneiland die simbool geword van die triomf van die mens oor lyding en swaarkry.

10 Mnr. Govan Mbeki, vader van pres. Thabo Mbeki, is in 1977, terwyl hy nog op Robbeneiland was, met ʼn eredoktorsgraad in die sosiale wetenskappe vereer. Dit is deur die Universiteit van Amsterdam aan hom toegeken vir sy boek *The Peasants' Revolt,* wat reeds in 1964 in Engeland uitgegee is.

11 Sedert 1997 is Robbeneiland se tronk ʼn museum. Die eiland is nie langer vir die publiek gesluit nie en bote vol besoekers vaar gereeld vanuit die Waterfront in Kaapstad daarheen. Opvoedkundige programme vir skole, maar ook vir volwassenes, word deur die museum aangebied, terwyl navorsing oor die eiland aangaan.

12 Daar word ook aandag aan die wildlewe van <u>toeka se dae</u> gegee, asook die baie pikkewyne en ander voëls. Die noordelike deel is tot ʼn voëlreservaat verklaar.

13 Die klippe wat uit Robbeneiland se steengroewe gebreek is, kom steeds in geboue soos die ou Kasteel in die Kaap voor. Op die eiland het gevangenes van die 1670s ook skulpe op die strande versamel en gebrand om kalk vir die kolonie in die Kaap te verskaf.

14 Maar dié is sommer ʼn kleinigheid. Robbeneiland se werklike bydrae tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis is reusagtiger as wat jy sou dink van die klein eilandjie in die baai in die winderige Kaap.

[Verwerk uit: http://www.mieliestronk.com/robbeneil.html]

1.1.Haal drie opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê waarin Robbeneiland 'n belangrike rol gespeel het. (1)

1.2 Haal EEN woord in paragraaf 1 aan wat vir ons sê watter Europese taal gelei het tot die naam Robbeneiland . (1)

1.3 Hoekom is mense eers na Robbeneiland gestuur? Gee TWEE redes. (2)

1.4 Watter woord in paragraaf 2 verwys na immigrante? (1)

1.5 Verduidelik die volgende onderstreepte woorde:

Makana was van lae stand. (1)

1.6 Hoekom, dink jy, was dit nie intelligent van Makana om van Robbeneiland te ontsnap nie? (1)

1.7 Die volgende stelling is ONWAAR.

Robbeneiland was nie tydens die Tweede Wêreldoorlog belangrik nie.

Haal aan om te motiveer waarom dit ONWAAR is. (1)

1.8 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en woord neer.

Robbeneiland het tydens die Tweede Wêreldoorlog‘n (onbelangrike/belangrike) rol gespeel in die verdediging van Kaapstad. (1)

1.9 Sê wat besoekers aan Robbeneiland na die Tweede Wêreldoorlog moes kry om die eiland te besoek. (1)

1.10 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter as jou antwoord neer.

“Weens sy slegte rekord vir bote wat op die rotse geloop het” paragraaf 5, beteken dat ...

A geen bote op die rotse geloop het nie.
B baie bote op die rotse geloop het.
C min bote op die rotse geloop het.
D al die bote op die rotse geloop het. (1)

1.11 Kies die korrekte antwoord uit die tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die funksie waarvoor Robbeneiland bekendste geword het was sy rol as: (rob- en visbedryf / tronk) (1)

1.12 Wie was Robbeneiland se bekendse gevangene? (1)

1.13 Pas die jaar in KOLOM A by die gebeurtenis in KOLOM B. Skryf net die vraagnommers en die letters neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.13.1. 1962 | A. Meneer Goven Mbeki se boek word uitgegee |
| 1.13.2. 1961 | B. Meneer Mandela arriveer by Pollsmoorgevangenis |
| 1.13.3. 1982 | C. Meneer Mandela arriveer op Robbeneiland |
| 1.13.4. 1990 | D. Robbeneiland val onder die Dept. van Gevangenisse |
| | E. Meneer Mandela is vrygelaat |

(4)

1.14. Haal 3 opeenvolgende woorde aan wat aandui dat die gevangenis van Robbeneiland ‘n moeilike tyd gehad het. (1)

1.15.1. Waarmee is Mnr. Goven Mbeki vereer? (1)
1.15.2. Waar was Mnr. Goven Mbeki toe hy dit gekry het? (1)
1.15.3. Waarteen, dink jy, het die karakters in *The Peasants'* Revolt, rebelleer? (1)

1.16. Waarvoor word Robbeneiland sedert 1997 gebruik? (1)

1.17. Kyk na paragraaf 12. Wat, dink jy, word met die onderstreepte woorde: "toeka se dae" bedoel? (1)

1.18. Kies die korrekte verklaring tussen hakies vir die onderstreepte woord in die volgende sin.


Robbeneiland se bydrae in die geskiedenis is reusagtig beteken (dit is baie groot / daar woon reuse). (1)

(24)

**GRAFIEK**

Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS B: DIT WORD TOEGELAAT OP VLAK 2**




Bron. Grafika 24. 20 Augustus 2020

1.19. Noem die bron van hierdie grafiek. (1)

1.20. Hoekom moes hierdie reëls in 2020 ingebring word? Wat het gebeur? (1)

1.23. Die volgende stelling is ONWAAR. Haal uit die grafiek aan om te motiveer waarom dit onwaar is.

Geen alkoholverkope is by drankwinkels toegelaat nie. (1)

1.24. Watter produkte se verkoop was vir 'n tydperk verban? (1)

1.25. Gee 2 redes wat genoem word hoekom jy mag reis van een provinsie na 'n ander. (2)

(6)

Totaal vir afdeling A:30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Alle ouers wil graag hê dat hulle kinders respekvol moet wees. Die artikel hieronder handel oor maniere hoe ouers dit vir hulle tieners kan aanleer. Maak ’n opsomming daarvan.

**INSTRUKSIES**

1. Skryf SEWE wenke oor HOE OM JOU AFRIKAANS TE VERBETER neer.
2. Skryf die wenke puntsgewys in die regte volgorde neer.
3. Nommer die wenke 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C.**

**HOE OM JOU AFRIKAANS TE VERBETER**

1. Sukkel jy met Afrikaans? Daar is maniere waarop jy jou punte in Afrikaans kan verbeter! Een van die maniere waarop jy jou punte kan verbeter, is deur jou woordeskat uit te brei.

2. Kyk na Afrikaanse televisieprogramme. Daar is programme soos 7de Laan, MK 89 en Kwêla op die KykNET-kanaal. As jy voel jy het nie genoeg tyd in die week nie, kan jy Sondae springmielies voor die televisie sit en eet en die 7de Laan-omnibus geniet.

3. Luister na goeie Afrikaanse radioprogramme. As jy na die radio luister terwyl jy jou huiswerk doen, hoor jy Afrikaans. Op Radio Sonder Grense is daar goeie programme vir tieners. Befonk is ‘n spesiale radioprogram wat handel oor alles wat vir jongmense belangrik is.

4. Daar is baie Afrikaanse liedjies wat gewild is onder jongmense wie se moedertaal nie Afrikaans is nie. Luister na Afrikaanse musiek. As jy nie weet waar om te begin nie, kyk ‘n bietjie na MK 89 en luister na die radio.

5. Die meeste leerders gebruik ‘n woordeboek net wanneer hulle opstelle skryf. Gebruik woordeboeke ook as jy ‘n woord hoor wat jy nie ken nie. ‘n Pharos Skoolwoordeboek is goed, want dit sluit nuwe woorde in.

6. Ou eksamenvraestelle is ‘n waardevolle hulpmiddel. Werk dus die vorige vraestelle uit om uit jou foute te leer. Die foute wat jy byvoorbeeld in opstelle en taalkunde gemaak het, sal jou bewus maak van jou probleem areas en jy kan seker maak dat jy nie weer dieselfde foute maak nie.

7. Het jy vriende wat goed in Afrikaans is? Gesels net in Afrikaans met jou vriende. Mag hierdie wenke jou help om jou Afrikaans te verbeter.


**Totaal afdeling B: 10**

**AFDELING : C: TAAL**

**ADVERTENSIE**

**Teks D**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.



3.1. Watter produk word hier geadverteer? (1)

3.2. Watter TEGNIEK gebruik die adverteerder om die leser se aandag op die opskrif te fokus? (1)

3.3. Wat word bedoel met "die land se nommer een boerewors"? (1)

3.4. Wat noem ons 'n winkel wat spesialiseer in vleis en vleisprodukte? (1)

3.5. Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Dit is nie lekker om (baie alleen) te braai nie! (1)

3.6. Wat noem ons die leesteken aan die einde van die opskrif:

" SA se 2019 wenner is hier!" (1)

3.7. Skryf die getal 1000 as 'n WOORD neer. (1)

3.8. Sê in jou eie woorde wat omtrent sjef Pete Goffe-Wood se lyftaal wys dat hy 'n kwaai man is. (1)

3.9. Gee die VERGROTENDE trap van vergelyking van die woord tussen hakies.

Checkers se boerewors is (goed) as die res. (1)


3.10. Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin te voltooi.
Skryf slegs die vraagnommer en die woord neer.

In Suid-Afrika is Checkers een van die groot (boetiekwinkels / kettingwinkels) (1)

(10)

**STROKIESPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.




[Verwerk uit www.thecomicstrips.com]

4.1.. Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte woord neer.

Die item in die kombuis wat die kos koel hou word ‘n (vrieskas/yskas) genoem. (1)

4.2. Hoe weet jy dat die dogter in die strokiesprent nie goeie maniere het nie? Lei jou antwoord uit die strokiesprent af. (1)

4.3. Hoeveel van die ma se kinders gaan haar help om die sosiale media te hanteer? Lei jou antwoord uit die strokiesprent af. Skryf die nommer as ‘n woord neer. (1)

4.4. Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNENDE VORM.

4.4.1. Die ma is goed met rekenaars. (1)
4.4.2. Help my asseblief. (1)

4.5. Skryf die AFKORTING vir die woord tussen hakies neer.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer. (1)

Die ma is (redakteur) van ‘n nasionale tydskrif. (1)

4.6. Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die sosiale media platforms is vir die ma (baie vreemd). (1)

4.7. Gee die ANTONIEM vir die woord tussen hakies.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die ma sal haar dogter (niks) betaal om haar te help. (1)

4.8. Sê of die woord "esel" in die onderstaande sin DENNOTATIEF OF KONNOTATIEF gebruik word.

As dit kom by sosiale media plasings, is die ma so dom soos 'n **esel**. (1)

4.9. Gebruik die HOMONIEN van **by** in 'n sin van jou eie sodat die betekenis duidelik blyk.

Die gesin sit **by** die tafel en werk op hulle rekenaars. (1)

4.10. Voltooi die VERGELYKING.

Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die dogter is so slim soos _____________, as dit kom by rekenaars en sosiale media. (1)

4.11. Skryf die volgende sinne oor in die VERLEDE TYD.

4.11.1. Ma moet die besigheid se Facebook bladsy hanteer. (1)
4.11.2. Sy sit en werk by die tafel om die werk te voltooi. (1)

4.12. Skryf die volgende sinne oor in die TOEKOMENDE TYD.

4.12.1. Die dogter is beïndruk met haar ma. (1)
4.12.2. Die ma het baie geld om die dogter te betaal om haar te help. (1)

4.13. Skryf die volgende sin oor. Begin soos aangedui

Die boetie moet ook sy deel doen. Begin so: Die boetie behoort ... (1)

4.14. Skryf die volgende sinne oor in die LYDENDE VORM.

4.14.1. Ma kook die aandete. (1)
4.14.2. Sussie sal nou die slaai maak. (1)
4.14.3. Boetie het sy huiswerk gesit en doen. (1)

4.15. Skryf die volgende sinne oor in die INDIREKTE REDE.

4.15.1. Ma sê: "Ek moet my werk voltooi." (1)
4.15.2. Sussie vra: "Waar het Ma dit geleer? (1)

4.16. Gee die VERKLEINWOORD vir die woord tussen hakies.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die gesin bly in 'n klein (woning) (1)

4.17. Kies die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD tussen hakies.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Ma is die persoon (wie / wat) die sosiale media moet hanteer. (1)

4.18. Voltooi die sin deur die korrekte VOORSETSEL in te vul.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Ma se baas sal kwaad ________ haar wees as sy nie die opdrag voltooi nie. (1)

4.19. Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Ma voel (sonder moed) want sy weet nie veel van Facebook, Twitter en Instagram nie (1)

**BLAAI OM**

**PRENT.**

**Teks F**

- Die paragraaf wat volg is op die prent hieronder gebaseer.
- Kies die korrekte woord uit die blokkie om die sinne korrek te voltooi.
- Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.



| |
|---|
| vlieghawe / plaan / aanboord / vliegtuig / op / lughawe / opland / opstyg |

Ons noem die gebou in hierdie prent 'n (4.20.) _______________. Die vervoermiddel word 'n (4.21.)____________________ genoem. Die passassiers gaan (4.22.) _______________ voordat die vervoermiddel (4.23.) _______________. (4)

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**